[redacted]

**From:** Konvokasie <konvokasie@sun.ac.za>
**Sent:** Tuesday, 12 May 2026 12:57
**To:** [redacted]
**Subject:** Election Outcome: Convocation | Uitkoms van Verkiesing: Konvokasie [redacted]




Klik hier vir Afrikaans

**NOTICE TO ALL MEMBERS OF THE CONVOCATION OF STELLENBOSCH UNIVERSITY**
**OUTCOME OF ELECTION PROCESS**

This notice serves to inform members of the Convocation of Stellenbosch University (SU) of the following processes:

1. Reminder of the outcome of the election process for one (1) Convocation member to serve on the Institutional Forum (IF), as coammunicated earlier.
2. Outcome of the election of two (2) members of Convocation to serve on the SU Council.
3. Outcome of the election for a Vice-President of the Executive Committee of Convocation.

**Background**

A call for nominations to the SU Convocation closed on 19 April 2026. The outcome of this process was as follows:

- Five (5) valid nominations were received for the two (2) vacancies on Council.
- Two (2) valid nominations were received for the vacancy of Vice-President of the Executive Committee of Convocation.
- One (1) valid nomination was received for the vacancy of one (1) Convocation member to serve on the Institutional Forum.

In terms of the Institutional Rule: Convocation, specifically par 3.6 of the *Procedure to nominate, elect and appoint Convocation Members to serve on the Council and Institutional Forum* and par 4.6 of the *Procedure to nominate and elect the Convocation Executive Committee*, a member may be nominated for more than one vacancy.

A call for votes was issued to members and closed on 10 May 2026 at 23:59.

We herewith announce the results:

**1. REMINDER OF THE OUTCOME OF THE ELECTION PROCESS FOR ONE (1) CONVOCATION MEMBER TO SERVE ON THE INSTITUTIONAL FORUM, AS COMMUNICATED EARLIER**

In terms of par 3.8 of the *Procedure to nominate, elect and appoint Convocation Members to serve on the Council and Institutional Forum,* once a member is appointed to a position, all other nominations of that member fall away, and par 3.10 states that, if the Registrar receives only one (1) valid nomination per vacancy, no election will take place. In that case, the nominee will be appointed to the Council or Institutional Forum, as applicable.

In this instance, one candidate, **Ms Noluthando Mashologu**, was nominated for a vacancy on Council and the vacancy on the Institutional Forum, as well as the vacancy of Vice-President of the Executive Committee of Convocation. Ms Mashologu was the only nominee for the position on the Institutional Forum and was therefore deemed duly elected and appointed to that position for a three-year term in terms of clause 30(1) of the SU Statute, from **23 April 2026 until 22 April 2029**. As a result of her appointment, her nomination for Council fell away.

We wish to thank Ms Mashologu for making herself available for this position and look forward to her contribution to the IF and the important work of the Forum.

**2. OUTCOME: ELECTION OF TWO CONVOCATION MEMBERS TO SERVE ON THE SU COUNCIL**

During the voting period, 1361 members participated in the vote. Since there were two vacancies, members could vote for up to two candidates.

We share the results in alphabetical order:

- Ms Isabelle de Taillefer received 625 votes
- Mr Bernard Pieters received 635 votes
- Dr Johan van Heerden received 426 votes
- Mr Ryk van Niekerk received 778 votes and
- 22 members chose to formally abstain from voting.

We want to congratulate **Mr Ryk van Niekerk** and **Mr Bernard Pieters** on their election to the SU Council. We wish them well and look forward to their contributions. Their four-year term in terms of clause 8(5) of the SU Statute will run from **13 May 2026 to 12 May 2030.**

**3. OUTCOME OF ELECTION: VICE-PRESIDENT OF THE EXECUTIVE COMMITTEE OF CONVOCATION**

In terms of clause 51(1) of the Statute (2019), the Convocation must elect from its ranks a President, Vice-President, Secretary, and two additional members, who form the Executive Committee of Convocation.

The two candidates on the ballot were **Mr Chris Briel** and **Ms Noluthando Mashologu** for the one (1) vacancy of Vice-President. Members could vote for one candidate.

The outcome is as follows:

During the election voting period, 1361 members participated in the vote

- Mr Chris Briel received 1029 votes
- Ms Noluthando Mashologu received 263 votes and
- 69 members chose to abstain from voting.

Congratulations to **Mr Briel**, who is duly elected as the Vice-President of Convocation. In terms of clause 51(5) of the SU Statute, his term will end with that of the remaining members of the Executive Committee on **31 May 2027**.

The Executive Committee is as follows:

- Dr Theo de Jager (President)
- Mr Chris Briel (Vice-President)
- Mr Bernard Pieters (Secretary)
- Ms Isabelle de Taillefer (Member)
- Mr Jan Naudé de Villiers (Member)

We wish to thank all the candidates who made themselves available for the positions and the members who participated by casting their vote.

Should you have any queries, please direct them to elections@sun.ac.za.

Should you wish to update your details on our database, please contact konvokasie@sun.ac.za for assistance.

**Dr Ronel Retief**
**REGISTRAR**
12 May 2026

Should you wish to opt out of receiving Convocation-related information, you will need to resign from the Convocation in writing by sending an email to konvokasie@sun.ac.za.

---

**KENNISGEWING AAN ALLE LEDE VAN DIE KONVOKASIE VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**
**UITKOMS VAN VERKIESINGSPROSES**

Hierdie kennisgewing dien om lede van die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch (US) in te lig oor die volgende prosesse:

1. Herinnering aan die uitkoms van die verkiesingsproses vir een (1) Konvokasielid om in die Institusionele Forum (IF) te dien soos vroëer gekommunikeer.
2. Uitkoms van die verkiesing van twee (2) lede van die Konvokasie om in die US-Raad te dien.
3. Uitkoms van die verkiesing van 'n Visepresident van die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie.

**Agtergrond**

'n Oproep vir nominasies aan die Konvokasie gerig, het op 19 April 2026 gesluit. Die uitkoms van hierdie proses was soos volg:

- Vyf (5) geldige nominasies is ontvang vir die twee (2) vakatures in die Raad.
- Twee (2) geldige nominasies is ontvang vir die vakature van Visepresident van die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie.
- Een (1) geldige nominasie is ontvang vir die vakature vir een (1) Konvokasielid om in die Institusionele Forum te dien.

In terme van die Institusionele Reël: Konvokasie, spesifiek paragraaf 3.6 van die *Prosedure om Konvokasielede te nomineer, te verkies en aan te wys om in die Raad en die Institusionele Forum te dien*, en paragraaf 4.6 van die *Prosedure vir die nominasie en verkiesing van die Konvokasie se Uitvoerende Komitee*, mag 'n lid vir meer as een vakature genomineer word.

'n Oproep tot stemming is uitgereik en die stemportaal het amptelik om 23:59 op 10 Mei 2026 gesluit.

Ons deel hiermee die uitslag van die verkiesing:

**1. HERINNERING AAN DIE UITKOMS VAN DIE VERKIESINGSPROSES VIR EEN (1) KONVOKASIELID OM IN DIE INSTITUSIONELE FORUM TE DIEN SOOS VROËER GEKOMMUNIKEER**

In terme van paragraaf 3.8 van die *Prosedure om Konvokasielede te nomineer, te verkies en aan te wys om in die Raad en die Institusionele Forum te dien*, verval alle ander nominasies van 'n kandidaat sodra daardie kandidaat in 'n posisie aangestel is. Paragraaf 3.10 bepaal voorts dat, indien die Registrateur slegs een (1) geldige nominasie per vakature ontvang, geen verkiesing sal plaasvind nie. In sodanige geval word die genomineerde direk in die Raad of Institusionele Forum aangestel.

In hierdie geval is een kandidaat, **me Noluthando Mashologu**, genomineer vir beide 'n vakature in die Raad en die vakature in die Institusionele Forum, sowel as vir die vakature van Visepresident van die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie. Me Mashologu was die enigste genomineerde vir die posisie in die Institusionele Forum en is derhalwe behoorlik verkose geag en in terme van klousule 30(1) van die Statuut aangestel in daardie posisie vir 'n driejaartermyn vanaf **23 April 2026 tot 22 April 2029**. As gevolg van hierdie aanstelling het haar nominasie om in die Raad te dien, verval.

Ons wens me Mashologu geluk met haar verkiesing en sien uit na haar bydraes tot die IF en die belangrike werk wat die Forum doen.

**2. UITKOMS: VERKIESING VAN TWEE GENOMINEERDE KONVOKASIELEDE OM IN DIE US-RAAD TE DIEN**

Gedurende die stemtydperk het 1361 lede deelgeneem aan die stemming. Aangesien daar twee vakatures in die Raad is kon lede vir tot twee kandidate stem.

Ons deel hiermee die uitslag in alfabetiese volgorde:

- Me Isabelle de Taillefer het 625 stemme ontvang
- Mnr Bernard Pieters het 635 stemme ontvang
- Dr Johan van Heerden het 426 stemme ontvang
- Mnr Ryk van Niekerk het 778 stemme ontvang en
- 22 lede het buite stemming gebly.

Ons wens **mnr Ryk van Niekerk** en **mnr Bernard Pieters** geluk met hul verkiesing in die US-Raad. Ons sien uit na hul bydraes en wens hul alles van die beste toe. Hul vierjaartermyn in terme van klousule 8(5) van die Statuut sal van **13 Mei 2026 tot 12 Mei 2030** strek.

**3. UITKOMS: VISEPRESIDENT VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE KONVOKASIE**

In terme van klousule 51(1) van die Statuut (2019) moet die Konvokasie uit eie geledere ŉ President, ŉ Visepresident, ŉ Sekretaris, en twee ander lede verkies, wat die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie uitmaak.

Ons het twee kandidate op die stembrief gehad, naamlik **mnr Chris Briel** en **me Noluthando Mashologu**, vir die een (1) vakature van Visepresident. Lede kon vir een kandidaat stem.

Die uitslag is soos volg:

Gedurende die verkiesingsperiode het 1361 lede aan die verkiesing deelgeneem.

- Mnr Chris Briel het 1029 stemme ontvang
- Me Noluthando Mashologu het 263 stemme ontvang en
- 69 lede het amptelik buite stemming gebly.

Ons wens **mnr Briel** geluk met sy verkiesing as Visepresident. Sy termyn sal in terme van klousule 51(5) van die Statuut, saam met die res van die Uitvoerende Komitee s'n op **31 Mei 2027** tot 'n einde kom.

Die Uitvoerende Komitee sien soos volg daaruit:

- Dr Theo de Jager (President)
- Mnr Chris Briel (Visepresident)
- Mnr Bernard Pieters (Sekretaris)
- Me Isabelle de Taillefer (Lid)
- Mnr Jan Naudé de Villiers (Lid)

Ons hartlike dank aan almal wat hulself beskikbaar gestel het vir die vakatures en ook aan al die lede wat deelgeneem het aan die stemming.

Indien u enige navrae het, rig dit asseblief aan **verkiesings@sun.ac.za**.

Indien u die besonderhede wat ons tans van u op rekord het wil opdateer, kontak gerus konvokasie@sun.ac.za wat u behulpsaam sal wees.

**Dr Ronel Retief**
**REGISTRATEUR**
12 Mei 2026

Indien u nie langer Konvokasie-verwante inligting wil ontvang nie, sal u skriftelik uit die Konvokasie moet bedank deur 'n e-pos te rig aan **konvokasie@sun.ac.za**.